



Wenk van die Maand

Februarie 2021

DIE FUNKSIE VAN BYVOEGMIDDELS MET KLETODIM

Die belangrikheid van byvoegmiddels word dikwels bevraagteken. Ons het egter oor baie jare die voordele van byvoegmiddels ervaar en ons besef die waarde wat hulle tot verskeie toedienings bydra.

In die onderstaande bespreking gaan ons kletodim bespreek asook waarom dit belangrik is om dit met die korrekte oliebyvoegmiddel toe te dien. Hierdie prinsiepe sal ook op baie ander onkruidodors en gewasbeskerming produkte (GBP) van toepassing wees. Die keuse van óf 'n benatter óf 'n oliebyvoegmiddel sal egter met die GBP verskil.

Behoud

Dit is waarskynlik die byvoegmiddel-eienskap wat die minste aandag geniet, maar dit is 'n groot bydraende faktor tot kletodim effektiwiteit.

Dit is belangrik om soveel druppels moontlik op die onkruidblaaroppervlak toe te dien deur toedieningstechnologie en om 'n neerslaghulpmiddel te gebruik. Dit sal egter nutteloos wees indien die druppels op impak van die blaar afspat. Hierdie druppel afspat gebeur a.g.v. 'n hoë oppervlaktespanning.

Dit is krities dat die meerderheid druppels behou word nadat dit die blaaroppervlak bereik het. Om dit te bewerkstellig, moet die oppervlaktespanning van die druppels verlaag word, deur 'n byvoegmiddel te gebruik wat óf 'n benatter en/óf 'n olie bevat.

In die geval van Villa se kletodim produkte, word 'n olie verkies. Die oliebyvoegmiddel verseker dat die druppels meer geredelik aan die blaaroppervlak kleef. Indien meer druppels behou word, sal meer aktiewe bestanddeel beskikbaar vir opname wees.

Verspreiding

Nadat die kletodim druppel op die blaar behou word, versprei dit oor 'n sekere oppervlak. Hierdie verspreidingsoppervlak is baie spesifiek vir sekere produkte. Die oliebyvoegmiddel wat Villa met kletodim aanbeveel versprei genoeg om optimale effektiwiteit te verseker.

Opname

Nadat genoeg behoud en verspreiding bewerkstellig word, begin die opname-proses. Kletodim opname word deur olie-bevattende byvoegmiddels bevoordeel.

Eerstens het olie 'n verlengde afdroogtyd om 'n gunstige omgewing vir die hele opname-proses te bewerkstellig. Tweedens hidreer olie die blaaroppervlakwakse om optimale opname te bevorder.

Die olie byvoegmiddel verseker versnelde opname van kletodim om die aktiewe bestanddeel teen foto-afbraak op die blaaroppervlak te beskerm. Ammoniumsulfaat word ook benodig om die antagonistiese katione te neutraliseer en om met die opname te help.

Villa se mening

Byvoegmiddel keuse met kletodim is uiters belangrik. Die byvoegmiddel of byvoegmiddelkombinasie moet optimale behoud, verspreiding en opname verseker. Enige afwyking van hierdie aanbeveling sal die effektiwiteit van die Villa kletodim-bevattende onkruidodors benadeel. Raadpleeg die etiket vir volledige aanbevelings.

Kontak Brian de Villiers vir meer inligting oor byvoegmiddels en waterkwaliteit by 082 880 0974 of bdevilliers@villacrop.co.za